

12 April

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 26-28

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 28

God waarsku ons omdat Hy ons liefhet

Ons gaan nou die tydperk binne waarin die sogenaamde “skrywende profete” opgetree het. Deur Amos het God laat weet: “Die Here Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie” (Amos 3:7). Die geskiedenis van koning Ussia (Asarja), Jotam en Agas is vol daarvan. Die Here waarsku keer op keer. As hy straf, kom dit nie as verrassing nie. Hy gee ook vir ons waarskuwings deur sy Woord asook deur mense wat sy Woord toepas. Daarin sien ons sy liefde vir sondaars.

Ussia het soos baie van sy voorgangers goed begin en sleg geëindig. In sy hoogmoed wou hy self in die tempel wierookoffers bring – iets wat net die priesters mag doen. Die Here gebruik die hoëpriester, met 80 priestersoldate, om hom uitdruklik daarteen te waarsku. Hy word kwaad en vaar teen die priesters uit. Die Here tref hom met melaatsheid, sodat hy in afsondering leef tot die dag van sy dood.

Jotam was ’n goeie koning. Hy probeer sy bes om die volk van hulle afgodery te laat afsien, maar die volk wil nie luister nie.

Agas was, naas sy kleinseun Manasse, die slegste koning wat Juda gehad het. Hy het die Baäls en die gode van Damaskus aanbid. Hy offer selfs sy kinders aan afgode. Die Here stuur profete soos Jesaja om hom te waarsku. Een na die ander koninkryk trek teen hom op: Damaskus, Israel, Edom, die Filistyne en uiteindelik die Assiriërs. Telkens word groot skade aangerig, maar op so ’n manier dat Juda nie vernietig word nie. Die Here praat hard met Agas, maar hy wil nie luister nie.

Hoor jý as die Here hard en duidelik met jou praat?

Sing Psalm 81:9, 10, 11

Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)